# EIENSKAPPE VAN 'N GOEIE LEIER

## 1. KARAKTER

Karakterfoute kan nie geignoreer word nie. Hulle sal 'n leier op die ou end ondoeltreffend maak - **elke keer.**

## GOEIE KARAKTEREIENSKAPPE SLUIT IN

- Eerlikheid
- Integriteit
- Selfdissipline
- Leerbaarheid
- Betroubaarheid
- Uithouvermoë
- Pligsgetrouheid
- Sterk werketiek

## SWAK KARAKTEREIENSKAPPE SLUIT IN

- Persoon wat versuim om verantwoordelikheid vir sy optrede of omstandighede te aanvaar.
- Beloftes of verpligtinge wat nie nagekom word nie.
- Ontrouheid (Luk 16:10-12)

# 2. INVLOED

Leierskap is **invloed**, niks meer en niks minder nie. Invloed is vaardighede wat **aangeleer** kan word.

## HOE OM INVLOED TE ONTWIKKEL

- Verhoudings = 85% van Leierskap
- Vaardighede

> *"He who thinketh he leadeth and has no one following him, is only taking a walk"*
> *- JOHN MAXWELL*

# 3. POSITIEWE GESINDHEID

Mense met 'n positiewe gesindheid kan dinge bereik wat vir ander onmoontlik is!

3.1 Our attitude is the primary force that will determine whether we succeed or fail.

3.2 Our attitude and action toward life help determine what happens to us. (Gal 6:7)

3.3 Our attitude determines our relationships with people (Goue Reël) (Matt 7:12)

3.4 Often our attitudes is the only difference between success and failure.

3.5 Our attitude at the beginning of a task will effect its outcome more than anything else.

> *"Many people in this world mistakenly believe their attitude is set. It is **NOT**, it is a **CHOICE!!**"*
> *"Like any discipline your attitude will not take care of itself. You need to attend to it **DAILY!!**"*
> *"If you want today be a good day, take charge of the way you look at it!"*

# 4. GOEIE MENSEVERHOUDINGS

Menseverhoudings = 85% van leierskap.

*"Leadership begins with the heart, not the head. People don't care how much you know until they know how much you care."*

## HOE OM TE GROEI IN MENSEVERHOUIDNGS

4.1 Moenie kritiseer, veroordeel of kla nie.

4.2 Gee eerlik en opregte waardering.

*William James - "Die diepste beginsels in die menslike natuur is die drang om gewaardeer te word."*

4.3 Ontwikkel opregte belangstelling in mense.

4.4 Vriendelikheid.

4.5 Wees 'n goeie luisteraar. Moedig ander aan om oor hulself te gesels.

4.6 Praat oor wat die ander persoon interesseer.

4.7 Laat die ander persoon belangrik voel - en doen dit met opregtheid.

4.8 Die beste manier om die beste van 'n argument af te kom, is om dit te vermy.

4.9 Toon respek vir ander mense se menings. Moet nooit sê: "Jy is verkeerd" nie.

4.10 As jy verkeerd is, erken dit gou en beslis.

# 5. SELFVERTROUE

Mense sal nie 'n leier volg wat nie selfvertroue het nie. Trouens, mense voel van nature aangetrokke tot mense wat selfvertroue uitstraal.

# HOE OM SELFVERTROUE TE VERBETER

5.1 Verander jou denkpatroon!

*Spr 23:7 "Want soos hy in sy siel (denke) bereken, so is hy."*

5.2 Jy programeer jou denke deur positiewe belydenis oor jouself:

(Rom 10:17)

EK IS TOT ALLES IN STAAT DEUR ................................

EK IS DIE KOP EN NIE DIE STERT NIE .........................

ALLES WAT EK DOEN VOER EK VOORSPOEDIG UIT ......

5.3 Kry 'n paar suksesse agter die rug.

# 6. ONTEVREDENHEID MET DIE STATUS QUO

'n Leier sien wat is, maar nog belangriker is dat hulle 'n visie het vir wat kan wees. Hulle is nooit tevrede met dinge soos dit is nie

'n Leier by definisie is:

6.1 Om voor te wees

6.2 Nuwe weë te baan

6.3 Nuwe wêrelde te verower

6.4 Van Status quo weg te beweeg

*"Groot leiers is nooit tevrede met huidige vlakke van werkverrigting nie. Hulle streef deurgaans na hoër en hoër vlakke van prestasie" - Donna Harrison.*

**<u>DIT WAT 'N ORGANISASIE TOT 'N VOLGENDE STAP NEEM IS:</u>**

## OM LEIERS TE VIND WAT DINGE LAAT GEBEUR

# 7. GETROUHEID

7.1 VERHOGING / PROMOSIE = NA GETROUHEID

GETROUHEID = DEUR NA PROMOSIE

Matt 24:45 – 47

7.2 BEDIENING VOLG GETROUHEID

1 Tim 1:12

7.3 DIE WET VAN GETROUHEID

Matt 25: 21 en 23